

# MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

## NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 2 JULIE 2013 OM 13:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

### NOMMER 6/2013

#### 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word geopen en al die lede word welkom geheet.

#### 2. PRESENSIE

##### 2.1 Teenwoordig

Anton Dellelijn	Voorsitter	Tergniet
Charl Coetzer		Fraaiuitsig
Ina Blom	Notuleerder	Reebokhoogte
Kruger de Wet		Reebokhoogte
Frik Nel		Reebokrif / Bewarea
Mike Wray	Onder-voorsitter	Tergniethoogte
Jan Roets		Tergniethoogte
Len Rauch		Tergniet
Dorothy Barnard		Sekretaris/Tesourier

##### 2.2 Op uitnodiging

Raadsheer Kallie Smit	Raadslid – Wyk 4
Raadslid Gibo Gerber	Raadslid – Wyk 5
Frans de Graaff	Munisipaliteit

##### 2.3 Afwesig met verskoning

Rozain Hansen	Munisipaliteit	
Lavinia Lunow		Fraaiuitsig
Des Muller		Riverside
Terrie Terblanche		Riverside
Johann Muller		Reebok (onder spoor)
Johan Lotter		Reebok (bo spoor)

##### 2.4 Afwesig sonder verskoning

Charl de Wet	Kleinbrak
Pieter le Roux	Kleinbrak

#### 3. LIEF EN LEED

Geen lede verjaar gedurende Julie nie.

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
	<p><b>AANBIEDING DEUR MNR JOHNSTON:</b> Beheerde brande en aanwending van dooie rooipitjebome vir duin stabilisering</p> <p>Mnr J Johnston lig die vergadering in oor die proses wat gevolg word met beheerde brande, en onder andere:</p> <p>Landbouers moet in terme van die Nasionale Landbouwet, "Fire Protection Agency" en munisipale bywette vooraf toestemming verkry vir brande.</p> <p>Die landbouer kontak die brandweer vooraf. 'n Agent word uitgestuur om te kyk of alle reg en bure word in kennis gestel. Op die dag van brand moet die Brandweer kennis gegee word om te kyk of toestande gunstig is. In geval van teenstrydighede word boetes gehef en kan verontagsaming tot hofsake lei.</p> <p>Die rede vir die groot brand by die Robertson boerdery het ontstaan omdat die wind die volgende dag opgekom het en dit weer begin brand het.</p> <p>Omdat Reebok en Fraaiuitsig plase in die omgewing se "bure" is, word versoek dat die nodige reëlins getref word sodat inwoners vooraf kennis neem wanneer gebrand word. Mnr Johnston sal 'n skrywe aan DEAF stuur met die versoek.</p> <p>Mnr Johnston bevestig dat dooie rooipitjie bome gebruik word vir duinstabilisering sodat jong saailinge kans kry om te groei.</p>	
4.	<p><b>GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING</b></p>	
	<p>Die notule van die vorige vergadering word sonder wysigings goedgekeur.</p> <p>Voorgestel en gesekondeer deur Len Rauch en Charl Coetzer.</p>	
	<p><b>AANBIEDING DEUR MUNISIPALE AMPTENAAR:</b> Kriteria vir eiendomswaardasies</p>	
	<p>Raadsheer Smit lees 'n skrywe van die waardeer aan die vergadering. Sien bylae A.</p>	
5.	<p><b>AANVULLENDE AGENDA</b></p>	
5.1	<p>Tennisbane, Klein-Brakrivier</p> <p>Die vergadering neem kennis van die skrywe aan die Munisipaliteit. Terugvoer is nog uitstaande.</p>	
5.2	<p><b>Jaarlikse vergadering met die Burgemeester en afdelingshoofde (Aug/Sept)</b></p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
	<p>Weens die goeie samewerking en goeie verhouding wat die Vereniging met amptenare van die Munisipaliteit ontvang en handhaaf, word besluit dat 'n vergadering met die Burgemeester onnodig is.</p> <p>Die Voorsitter sal 'n bedankingsbrief aan die Munisipaliteit stuur.</p>	Anton
<b>5.3</b>	<p><b>R102 - Skoonmaak van sypaadjies</b></p> <p>Volgens beplanning word die R102 gedurende die 2015/16 finansiële jaar herbou. Die Sandhoogte pad behoort volgende jaar geteer te word.</p>	
	Anton sal Anton Steenkamp skakel oor die oorgroeide sykante.	Anton
<b>5.4</b>	<p><b>Grondwet hersiening</b></p> <p>Die vergadering neem kennis dat 'n prokureur die bestaande grondwet hersien deur sodoende te verseker dat dit volledig en korrek is.</p>	
<b>5.2</b>	<p><b>Opgradering van Kusweg</b></p> <p>Mnre Alex van Zyl, Len Rauch en Anton Dellelijn het skade aan die paaie in Kusweg en omgewing inspekteer waarna 'n skrywe aan die Munisipaliteit gestuur is. Die besluit van die sestigerjare dat geen trokke groter as 10 ton in die gebied toegelaat word nie, is onder hulle aandag gebring. Raadsheer Smit onderneem om aanbring van 10 ton oorskreiding inligtingsborde met mnr Pieter Myburg te bespreek.</p>	Kallie
<b>5.3</b>	<p><b>Trappe na die see - oliebehandeling</b></p> <p>'n Skrywe met die versoek is aan die Munisipaliteit gestuur.</p>	Dorothy
<b>5.4</b>	<p><b>Drie verdieping huis in JB Mullerstaat, Klein-Brakrivier</b></p> <p>Raadsheer Smit sal vordering met die Regsafdeling opvolg.</p>	Kallie
<b>6.</b>	<p><b>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</b></p>	
<b>6.1</b>	<p><b>Terugvoer oor bywoning van munisipale komiteevergadering gehou op 15 Mei 2013</b></p> <p>Die vergadering neem kennis van die terugvoer deur Lavinia. Anton en Lavinia sal die vergadering van 12 Junie 2013 bywoon.</p>	Anton / Lavinia
<b>6.2</b>	<p><b>Trap na see by derde laan – Tergniet ("wees versigtig" teken)</b></p> <p>'n Skrywe dat die Munisipaliteit die versoek moet heroorweeg is gestuur.</p>	Dorothy
<b>6.3</b>	<p><b>Vordering en terugvoer met betrekking tot uitstaande sake deur</b></p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
	<p><b>die Munisipaliteit se Regsafdeling</b></p> <p>Met uitsondering van Item 5.4 is terugvoer oor alle uitstaande items verskaf. Sake in proses sal op die aktiwiteitslys bly vir verdere opvolg.</p>	Kallie / Dorothy
<p><b>6.4</b></p> <p><b>6.5</b></p> <p><b>6.6</b></p> <p><b>6.7</b></p> <p><b>6.8</b></p> <p><b>6.9</b></p> <p><b>6.10</b></p> <p><b>6.11</b></p>	<p><b>Kartering van nuwe uitbreidings in Reebokrif</b></p> <p>Die Voorsitter noem dat kaarte van die gebied van die Munisipaliteit ontvang is. Rozain bevestig dat die area nog nie gekarteer is nie en dus nog nie op GPS beskikbaar is nie omrede straatnommers nog ontbreek. Die aangeleentheid sal met Charl bespreek word sodra hy beskikbaar is. Staan oor.</p> <p><b>Opvul van indraai na SPAR vanuit Brinkley- en Seashellstraat</b></p> <p>Die vergadering neem kennis van Altus Eitner se terugvoer dat die indraai na die SPAR voldoende is. Haal af.</p> <p><b>Databasis van inwoners</b></p> <p>In 'n poging om die maksimum hoeveelheid inwoners se kontakbesonderhede te bekom, word area verteenwoordigers versoek om die opgawes soos voorsien, op te dateer met besonderhede van bure, vriende en familie in die omgewing.</p> <p><b>Skoonmaak van erwe – nuwe ontwikkelings (langs Groenkloof aneks bekend as Reebok Leefstyl Landgoed)</b></p> <p>Is 'n deurlopende aksie. Haal af.</p> <p><b>Erfbelasting</b></p> <p>Weens onduidelikheid word versoek dat die verantwoordelike amptenaar gevra word om die vergadering toe te spreek oor watter kriteria gebruik word.</p> <p><b>Bouafval op ongemaklike plekke</b></p> <p>Is reggestel en word gemonitor. Haal af.</p> <p><b>Kennisgewingborde (M-Sec en ander advertensieborde)</b></p> <p>M-Sec borde is nog nie verwyder nie, maar die Verkeersafdeling was reeds in kontak met hulle en die Midbrak Buurtwag het geen verbintenis met die borde nie. Haal af.</p> <p><b>Verwydering van "blou sakke"</b></p> <p>Onsekerheid bestaan oor afhaal en verskaffing van plastieksakke. Terugvoer van die Munisipaliteit sal aan lede deurgegee word. Haal af.</p>	<p>Charl</p> <p>Lede</p> <p>Rozain / Kallie</p> <p>Rozain/Dorothy</p>

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
6.12	<p><b>Hersiening van straatname in die gebied</b></p> <p>Die vergadering neem kennis van die Munisipaliteit se skrywe van 16 Mei 2013. Voorstelle rakende naamsveranderings kan ingedien word waarna die Direkoraat dit aan die Raad sal voorlê vir oorweging.</p>	
<p>7.</p> <p><b>7.1</b></p> <p><b>7.1.1</b></p> <p><b>7.1.2</b></p> <p><b>7.2</b></p> <p><b>7.3</b></p> <p><b>7.3.1</b></p> <p><b>8.</b></p> <p><b>9.</b></p> <p><b>10.</b></p> <p><b>10.1</b></p>	<p>Die vergadering besluit dat 'n sub-komitee bestaande uit Mike Wray (Sameroeper), Lavinia Lunow en Johann Muller saamgestel word. Die resultaat van die ondersoek sal aan die Komitee voorgelê word waarna 'n besluit oor die proses vorentoe geneem sal word.</p> <p><b>PROJEKTE</b></p> <p><b>Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering</b></p> <p>Die Munisipaliteit word bedank vir die naamborde wat by Luckhoff- en Harrisstraat aangebring is.</p> <p>Lede word versoek om gate in strate in die gebied skriftelik aan Frik te rapporteer vir deursending aan die Munisipaliteit.</p> <p><b>Skoonmaak van erwe</b></p> <p>Word deurlopend opgevolg en terugvoer is goed.</p> <p><b>Rampbestuur</b></p> <p><b>Klein-Brakrivier Rampgebeurlikheidsplan</b></p> <p>Des en Terrie sal met Riverside se inwoners kontak maak en 'n plan saamstel vir die Munisipaliteit se aandag om sodoende huidige tekorte aan te spreek voor 'n volgende vloed plaasvind. Staan oor.</p> <p><b>FINANSIES</b></p> <p>Banksaldo is R16 967,65 en kontant voorhande R548,14. Groot dank en waardering aan Coen Strydom vir sy ruim donasie gedurende Mei 2013.</p> <p>Goedkeuring word verleen vir aankoop van papier en drukkersink.</p> <p><b>POLISIËRING / BUURTWAG</b></p> <p>Geen ernstige insidente om te rapporteer nie.</p> <p><b>BEWAREA</b></p> <p><b>Kleinbrak Estuariumplan</b></p> <p>Des lig die vergadering kortliks in oor die vergadering van 15 Mei 2013. Die volgende vergadering is geskeduleer vir 18 Julie 2013 - 14:00 by die Munisipale kantore in Grootbrak.</p>	<p>Mike/Lavinia/ Johann Muller</p> <p>Lede</p> <p>Johann</p> <p>Des / Terrie</p> <p>Dorothy</p>

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
11. 11.1 11.1.1	<b>PLAASLIKE SAKE</b> <b>Fraaiuitsig</b> <b>Albertiniastraat 44:</b> Onderzoek moet ingestel word na die houthuisie met advertensie baniere wat slordig vertoon in Impalaweg. Is nog uitstaande.	Rozain
11.1.2  11.1.3 11.2 11.2.1  11.2.2  11.2.3  11.2.4  11.2.5  11.2.6  11.2.7  11.2.8  11.2.9  11.3	<b>Robertson se plaas: "Beheerde brande"</b> 'n Formele versoek sal aan mnr mnr Johnston van die Munisipaliteit gestuur word om die vergadering toe te spreek oor "beheerde brande". Straatname is nog uitstaande. <b>Klein-Brakrivier</b> <b>Herstel van pad na hengelgebied / parkeerarea</b> Opgradering is in proses. <b>Vervanging van geroeste chevron</b> Is herstel. Haal af. <b>Aanbring van lamppaal – Louis Fourieweg</b> Is aangebring. Haal af. <b>Aanbring van 'n "Welkom in Klein-Brakrivier" bord</b> Terugvoer van die Munisipaliteit is dat slegs ou en uitgediende borde weens die koste-implikasie vervang word. Haal af. <b>Louis Fourieweg 7, erf 101:</b> Boom is verwyder. Haal af. Die <b>uitgekapte rooipitjie bome</b> word nie verwyder nie omdat dit die duin stabiliseer. Die rasionaal word bevestig omdat dit 'n brandgevaar skep. Die aangeleentheid moet met mnr Johnston opgevolg word. <b>Trappe na die see:</b> Charl word versoek om navraag by Abrie Nel te doen oor die herstel van die trappe. <b>Vraelys oor honde op strande:</b> Terugvoer oor die skrywe aan die Munisipaliteit is nog uitstaande. <b>Louis Fourieweg 24 (Christo en Magda Pieterse):</b> 'n Skrywe sal aan die Munisipaliteit gestuur word.	Dorothy Rozain Anton/Charl de Wet Rozain Charl Dorothy Anton / Dorothy



ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
12.2	<p><b>Asphalt Vervaardigingsaanleg in die Mosselbaai Munisipale Gebied</b></p> <p>Die vergadering neem kennis dat die Vereniging geregistreer het as Belangstellende en Geaffekteerde Party. Haal af.</p>	
13.	<p><b>VOLGENDE VERGADERING</b></p> <p>Die volgende vergadering sal op Dinsdag, 4 Junie - 13:00 in die Reebok Gemeenskapsaal plaasvind.</p>	
14.	<p><b>VERDAGING</b></p> <p>Die vergadering verdaag om 16:00.</p> <p>INA BLOM / DOROTHY BARNARD <b>NOTULEERSPAN</b></p> <p>GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 7/2013 GEHOU OP 6 AUGUSTUS 2013 – 13:00.</p> <p>ANTON DELLEMIJN <b>VOORSITTER</b></p>	



<b>ITEM</b>	<b>BESPREKING / BESLUIT</b>	<b>VERANT- WOORDELIK</b>